*Historia*, 49, 2, November 2004, pp 147-165

# Die Universiteit van Pretoria se Departement Geskiedenis, 'n Afrikaanse Stem uit die Noorde

***Louis A. Changuion****

Kort na die totstandkoming van die *Transvaal University College* (TUC), oftewel die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) in Februarie 1908, is die Departement Geskiedenis as een van die stigterskursusse van die Kollege op die been gebring. Taal het deurgaans 'n beduidende rol in die ontwikkeling van die Departement gespeel. Die TUK se vroeë jare is, soos wat generaal Jan Smuts[1] dit wou gehad het, deur onderrig in Engels gekenmerk. Hierdie posisie het geleidelik verander en op die Afrikaanswording van die Universiteit in 1932 uitgeloop. Die uitsluitlik Afrikaanse doseerbeleid het voortbestaan tot laat in die twintigste eeu toe die Departement, in lyn met 'n hoofbestuurbesluit, 'n volkome tweetalige beleid op beide voor- en nagraadse vlak aangeneem het.

Hier word oorsigtelik op die ontstaansgeskiedenis van die Departement Geskiedenis aan die TUK en sy ontwikkeling, van universiteitswording in 1930 tot die hede gefokus. Alhoewel daar in verskeie artikels en referate op die Departement Geskiedenis of lede daarvan gefokus is[2], is daar tog velde wat nie gedek is nie. Dit geld veral vir die era na die hoofskap van F.A. van Jaarsveld.

Met die stigting van die Argief van die Universiteit van Pretoria byna 'n dekade gelede, het primêre bronne oor die geskiedenis daarvan en ook die Departement Geskiedenis meer toeganklik geword. Onder hierdie bronne tel notules van die Raad, Senaat en fakulteitsrade, asook herinneringskrifte wat in sommige gevalle nie voorheen vir navorsing gebruik is nie. Feite wat voorheen slegs deur middel van sekondêre bronne, soos die Unversiteit se *Ad Destinatum*-reeks, geverifieer is, is in hierdie studie met behulp van eerstehandse argivale bronne gestaaf. Nie net datums nie, maar ook feitelike foute kon, waar nodig, reggestel word.

Weens die omvang daarvan en ruimte wat dit in beslag sou neem, word daar nie in hierdie artikel na die bydraes van die ander lede van die Departement gekyk nie. Die opvolging van die departementshoofde en die heersende ideologie(ë) in die Departement – wat meerendeels met dié van die departementshoof self vereenselwig kan word – word uitgelig. Uit die studie kan die vernaamste ideologiese momente,

---

* Louis A Changuion is 'n Assistent-argivaris in die Argief van die Universiteit van Pretoria Hy is tans besig met 'n doktorsgraad in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, met 'n tema uit die geskiedenis van hierdie Universiteit Hy het ook 'n meestersgraad in Kultuurgeskiedenis en 'n Nagraadse Diploma in Museumkunde aan dieselfde instelling verwerf

1 Generaal J C Smuts was op daardie stadium Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys in die kabinet van generaal Louis Botha Sy ideaal was die vermenging van die 'blanke rasse' in Suid-Afrika Ingevolge sy Onderwyswet van 1907 sou Engels die hoof voertaal in hoëronderwys wees Sien: S G Millin, *General Smuts* (Faber & Faber, London, 1936), pp 221-228; F van der Watt, *Rectores Magnifici* (Protea, Pretoria, 2003), p 12

2 Sien die verwysings hieronder na die werke van F A van Jaarsveld, F A Mouton, A N Pelzer, J W N Tempelhoff ensomeer Van toepassing hier is veral F A van Jaarsveld se *Afrikaner Geskiedskrywing* waarin 'n deeglike oorsig oor die geskiedenis van die Departement tot en met Van Jaarsveld se eie hoofskap gegee word Verder het F A Mouton in verskeie artikels en referate (sommige hieronder na verwys) meer in diepte gefokus op spesifieke persone wat aan die Departement verbonde was

oftewel die kern tendense in die Universiteit se geskiedenis afgelei word en die geskiedenis van die Departement bied daarom 'n venster op die veranderende ideologiese hartklop van die Universiteit. 'n Studie van die geskiedenis van die Departement Geskiedenis is dus 'n mikrokosmiese ondersoek na die aanpasbare aanslag van die Universiteit van Pretoria (UP).

## Stigting, 1908: A.C. Paterson en J. Purves

Met slegs vier professore om die verskeidenheid vakke by die TUK aan te bied, was die doseerlas na die opening van die Kollege in Februarie 1908[3] taamlik swaar. Soos die geval was met sommige van die ander vakke, is die doseerwerk in Geskiedenis aanvanklik verdeel. Professor Alfred Croom Paterson, later die eerste rektor van die Kollege, het "Ancient History" aangebied, terwyl professor John Purves, wat die meeste van die Geskiedenis gedoseer het, sy aandag aan "Modern History" gewy het.[4]

Deur die loop van 1908 en 1909 is 'n aantal professore, asook verskeie lektore en deeltydse assistente as bykomende hulp vir die professore deur die Kollegeraad aangestel. Van Junie 1908 af is daar gepoog om 'n "local man"[5] te vind om die lesings in Geskiedenis waar te neem. Geen geskikte kandidate kon gevind word nie. Die professore het gevolglik in Augustus 1908 in 'n versoek tot die Raadskomitee gevra dat 'n nuwe leerstoel in Geskiedenis en Wysbegeerte (wat ook doseerwerk in Logika en Sielkunde sou insluit) geskep word. Met die nuwe leerstoel in Geskiedenis en Wysbegeerte as lokaas, is daar van nuuts af na kandidate gesoek.[6]

Onder die persone wat as moontlike kandidate genoem is, was daar professor John Edgar van die South African College in Kaapstad. Tog was daar by 'n groep professore 'n gevoel dat 'n Afrikaanssprekende aangestel moes word. Hulle het gevoel dat só 'n persoon die doseerwerk in vaderlandse geskiedenis, waaraan daar 'n behoefte bestaan het, beter sou kon behartig. Die Afrikaansgesinde groep professore het doktor Leo Fouché, weens sy Afrikaneragtergrond, as die ideale kandidaat hiervoor beskou[7] – hulle het tot 'n mate onder 'n wanindruk oor hom verkeer, soos later uit sy departementshoofskap sal blyk.

Fouché het pas sy doktorsgraad in Geskiedenis in Gent behaal en was op daardie stadium in Berlyn met voortgesette studie in Wysbegeerte besig. Die meerderheid van die Raad en die Senaat (in beide liggame het Engelstaliges die meerderheid gevorm)[8] was, weens sy Afrikanerbeeld, teen Fouché se kandidatuur gekant – ironies

3 Argief van die Universiteit van Pretoria (hierna UPA), D-6-5-1-6-22 Tuks Alumni Herinneringe A-Z: Knipsel: Vestiging van Universiteits-Klassen te Pretoria, 24 Desember 1907

4 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), p 15; F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), p 44

5 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), p 16

6 UPA: D-6-5-1-6-22 Tuks Alumni Herinneringe A-M: Herinneringe van prof D F du Toit Malherbe – Malherbe was een van die oorspronklike vier professore van die Kollege; Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), pp 15-16

7 UPA, D-6-5-1-6-22 Tuks Alumni Herinneringe A-M: Herinneringe van prof D F du Toit Malherbe; Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), pp 15-16; C J Beyers, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* V (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987), p 291

8 Transvaal University College, *Calendar 1909* (Johannesburg, 1908), pp 15, 21

in die lig van sy versoenende houding. Na heelwat agitasie deur sy ondersteuners, het die Raad en Senaat in Desember 1908 tot sy aanstelling, as kompromis vir die aanstelling van doktor P.G. Gundry as professor in Fisika, ingestem.[9] Min het hulle geweet dat Fouché nie na hulle pype sou dans nie!

## ***Against the grain*, 1909-1934: L. Fouché**

Om die kontroversie rondom die departementshoofskap van professor Leo Fouché te verstaan, moet daar gekyk word na die taalkwessie[10] wat op daardie stadium aan die TUK geheers het. Die Anglo-Boereoorlog het verreikende gevolge in die Transvaal gehad. Dít, tesame met die Engelse oorname van Transvaal en Milner se verengelsingsbeleid, het veroorsaak dat die meerderheid van die Afrikaners in die gebied nie die tyd of geleentheid gehad het om die akademiese terrein te betree nie.[11] Tog is daar skynbaar gevind dat dié leerlinge wat die skoolstelsel wel tot en met 1907 met die oog op tersiêre opleiding deurloop het, baat gevind het by onderrig in Engels, aangesien die meerderheid van die kolleges in Suid-Afrika in Engels onderrig het.[12] Soos sy eweknieë, was die TUK Engelstalig en, soos bo genoem, deur Engelstaliges beheer. Teen die laat-twintigerjare was die situasie anders en het Afrikaanse studente die meerderheid gevorm, terwyl beheer van die Raad en Senaat deur Afrikaanstaliges oorgeneem is.[13]

Die voorstanders van Afrikaans se ideaal van onderrig in Afrikaans sou eers na 1916 aan die TUK realiseer. In daardie jaar het die Raad van die Universiteit van die Kaap van Goeie Hoop[14], wat as eksaminerende liggaam van alle hoër onderwysinrigtings gedien het, toegelaat dat kandidate "Dutch" uitsluitlik as antwoordmedium in die BA en honneurseksamens kon gebruik.[15]

Die beweging vir onderrig in Afrikaans het na 1916 groter momentum gekry. Onder druk van Afrikaansgesinde studente (op inisiatief van die Afrikaanse Studentebond) het die Senaat in Mei 1918 toegegee dat "English Medium only ... is no longer

9 UPA: D-6-5-1-6-22 Tuks Alumni Herinneringe A-M: Herinneringe van prof D F du Toit Malherbe; Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), p 16; Transvaal University College, *Calendar 1910* (Johannesburg, 1909), p 23; F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), p 45; F A Mouton, "Professor Leo Fouché", *Historia*, 38, 1, May 1993, p 53

10 Die taalkwessie was inderdaad 'n nasionale vraagstuk oor die gebruik van Afrikaans naas Engels en het nie net aan die Kollege sy kop uitgesteek nie Dit was 'n simptoom van die stryd om erkenning van die meer nasionalistiese Afrikaners uit die voormalige Boererepulieke wat sedert 1902, soos hulle Kaapse en Natalse taalgenoete, ook onder 'n Britse bewind gestaan het en wat op haas elke gebied deur Britte oorheers is

11 Transvaals Universiteits Kollege, *Kalender 1919* (Pretoria, 1918), p 40; Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), pp 48-49

12 A K Bot, Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, 1836-1936 (Pretoria, 1936), pp 87-88; W J de Kock (red), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I (Nasionale boekhandel, Kaapstad, 1968), p 774

13 Transvaals Universiteits Kollege, *Kalender 1919* (Pretoria, 1918), p 40; Transvaal University College, *Calendar 1928* (Pretoria, 1928), pp 11, 20; Transvaal University College, *Calendar 1929* (Pretoria, 1929), p 12

14 Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop is in 1916 deur die Universiteit van Suid-Afrika vervang

15 UPA: E-7-2 Knipsels 1930: "University of Pretoria A Proud Record of Constant Progress", *The Star*, (30 October 1930); Transvaals Universiteits Kollege, *Kalender 1919* (Pretoria, 1918), p 40; Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), pp 8-9, 48-49

possible."[16] Die moontlikheid om alle vakke te dupliseer is nietemin as finansieel onprakties en onwenslik beskou. Daar is aanbeveel dat elke geval op sy eie meriete beoordeel moes word. Agt van die bykans dertig departementshoofde van die Kollege het hulle toe bereid verklaar om, wat die taalmedium betref, die wense van hulle studente in ag te neem – Geskiedenis het hieronder getel. Met die uitsondering van 'n handvol klasse, was die onderrigmedium aan die TUK in 1919 steeds Engels.[17]

Teen 1920 was die taalkwessie aan die TUK 'n brandende vraagstuk. Om 'n oplossing daarvoor te soek, is 'n komitee in daardie jaar deur die Senaat benoem om vas te stel tot in hoe 'n mate Afrikaans as voertaal ingestel kon word. Die komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n aansienlike deel van die dosente en studente steeds Engelstalig was. Verder het hulle ook besef dat 'n Afrikaanse vakterminologie nog nie bestaan het nie. Tog is daar deur die Senaat aanvaar dat "where possible, arrangements should be made for duplication in the case of large classes."[18] Die Kollegeraad het die taalbeleid van die Senaat in 1923 onderskryf. Van 1921 af is lesings uitsluitlik in Afrikaans in vakke soos Grieks, Opvoedkunde, Ekonomie, Skeikunde, ensovoorts aangebied. Op versoek van die Senaat is die Suid-Afrikaanse geskiedenisdeel van die lesings in Geskiedenis van 1923 af ook in Afrikaans gegee. Dít was nadat dit bekend geword het dat 'n groep Afrikaanse studente hulle gereed gemaak het om die TUK te verlaat en na Grey-Universiteitskollege oor te gaan.[19] Alhoewel Fouché een van die eerste dosente was om Nederlands en Afrikaans in sy klasse te gebruik, het hy hom nie aan die kant van die beweging vir Afrikaans aan die TUK geskaar nie.[20]

In die eerste dekades van die TUK se bestaan het die groei van Afrikanernasionalisme en die politieke ontwaking van die Afrikaner bygedra om die taalkwessie aan die Kollege tot 'n spits te dryf. Die toename in die gebruik van Afrikaans as voertaal in lesings, het tot groot ontevredenheid gelei. In sommige kringe is die TUK as 'n "hot-bed of Nationalism" uitgekryt.[21] Na 1923 het daar egter wat die taalkwessie betref, 'n tydperk van stilte aangebreek. Dit het tot in 1927 geduur toe die Buitemuurse Studenteraad van die TUK die kwessie met die Dekaan van die Fakulteit van Handel opgeneem het. Hulle het hom naamlik versoek dat volle tweetaligheid in onderwys aan die Fakulteit gehandhaaf word. Die Senaat het hierop bevestig dat voorkeur aan tweetalige onderwys gegee word waar studentegetalle dit regverdig.[22] Die Binnemuurse Studenteraad van die TUK het in 1929 weer 'n versoek om tweetalige

16 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1916-1923, p 253: "Memo drawn up [by students] on 1 May 1918"; UPA: D-6-5-1-5-22 Tuks Alumni Herinneringe A-Z: Herinneringe van prof W J du P Erlank

17 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1916-1923, p 280: Brief: Sekretaris van Senaat – Sekretaris, ASB, 26 September 1918; UPA: E-7-2 Knipsels 1922: A A Roberts, "Fouling our Own Nest Facts about the TUC", *Pretoria News,* (22 August 1922); Transvaals Universiteits Kollege, *Kalender 1919* (Pretoria, 1918), pp 39-40; Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers**,** Johannesburg, 1960), pp 50-52

18 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1916-1923, p 387: Notule van Senaatsvergadering, 29 Mei 1920

19 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1916-1923, p 426: Notule van Senaatsvergadering, 8 November 1922

20 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers**,** Johannesburg, 1960), pp 53-56; F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), p 45

21 UPA: E-7-2 Knipsels 1922: "Politics and the TUC Charge Refuted", *Pretoria News,* (25 August 1922); "Politics and the TUC Dr Reinink's Letter", *Pretoria News,* (5 September 1922)

22 UPA: B-1-1 Senaat Notules 1916-1923, p 572: Notule van Senaatsvergadering, 6 April 1927

onderwys aan die TUK aan die Raad en die Senaat deurgestuur. Op daardie stadium is 150 lesings per week in Afrikaans en 426 in Engels aangebied.[23]

Na universiteitswording op 10 Oktober 1930 het die taalvraagstuk voortgeduur. Aan die einde van 1930 was daar ’n mate van ’n deurbraak vir die Afrikaansgesindes toe die Raad die versekering gegee het dat beide tale volkome gelyk behandel sou word. Dit het spoedig geblyk dat die Raad se vyftig-vyftigbeleid nie ’n langdurige oplossing sou bied nie omdat die twee taalgroepe mekaar nie voldoende wou verstaan het of kon vind nie. In 1931 was 65 persent van die studente aan UP boonop Afrikaanssprekend, terwyl slegs 32 persent van die lesings in Afrikaans aangebied is. Na ’n onstuimige tydperk het die Universiteitsraad en Senaat uiteindelik in September 1932 besluit om af te sien van sy vyftig-vyftigbeleid en dat die Universiteit hom voortaan op onderrig in Afrikaans sou toespits.[24] Hiermee is ’n aangrypende deel van UP se wordingsjare afgesluit en sou dit voortaan suiwer Afrikaans wees.

Om na die Departement Geskiedenis terug te keer: Leo Fouché het op 20 Februarie 1909 diens aanvaar as die eerste hoogleraar in Geskiedenis in Transvaal en het behalwe Geskiedenis, ook Etiek, Staatsleer, Logika en Sielkunde gedoseer. Met verloop van tyd het hy sy leeropdrag in die ander vakke na ander dosente oorgedra totdat slegs Geskiedenis oorgebly het.[25] Fouché het sy bydrae tot die geskiedkundige navorsing in sy eerste diensjare gelewer en regdeur sy loopbaan aan die TUK en later UP, ’n hoë onderwyspeil gehandhaaf.[26] Hy het die belangrikheid van oorspronklike dokumente vir navorsing by sy studente tuisgebring. Verder het hy neutraliteit en objektiwiteit beklemtoon. In teenstelling met die meeste Afrikanerhistorici van sy tyd, het Fouché gevoel dat geskiedenis die verlede in perspektief moes plaas. Vir hom was dit nie ’n middel om helde te vereer of om opponente te beswadder nie.[27] Tog het hy volgens B.K. Murray nie die rol van interpretasie tydens geskiedskrywing ten volle besef nie. Hy het gevolglik sy studente ook nie op die probleme van interpretasie attent gemaak nie.[28]

Fouché was ’n ondersteuner van generaals Louis Botha en Jan Smuts. As sodanig het hy geglo in versoening tussen Afrikaans- en Engelstaliges en was hy teen die nasionalistiese beweging van generaal J.B.M. Hertzog gekant. Hy sou hom gevolglik verset teen die nasionalistiese gees wat by die Kollege posgevat het. In 1916 het hy namens die Botha-regering die Rebellieblouboek opgestel – sy naam is nie-amptelik daarmee verbind. Fouché het ironies genoeg nie aan sy eie eise van objektiwiteit

---

23 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), p 56

24 UPA: D-6-5-1-6-22 Tuks Alumni Herinneringe A-M: Herinneringe van prof D F du Toit Malherbe; UPA: E-7-2 Knipsels: “Die Universiteit van Pretoria”, *Die Vaderland*, (1930-10-10); “Waarop Uniwersiteit [sic] moet Bou”, *Die Volkstem*, (13 Oktober 1930); “The Rise of Education in Pretoria The Only Fully Bilingual University Intsitution in South Africa”, *Cape Times*, (27 February 1932); “Stellenbosch of the North”, *Pretoria News*, (2 September 1932)

25 UPA: D-6-5-1-6-22 Tuks Alumni Herinneringe A-M: Herinneringe van prof D F du Toit Malherbe; Transvaal University College, *Calendar 1909* tot *Calendar 1913*; C J Beyers (red), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* V (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987), p 291

26 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), p 112

27 C J Beyers, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* V (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987), p 291; F A van Jaarsveld, *Afrikaner geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), p 45; F A Mouton, “Professor Leo Fouché”, *Historia*, 38, 1, May 1993, p 53

28 B K Murray, *Wits the Early Years* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1982), p 270

tydens die saamstel van dié verslag voldoen nie. Sonder om die faktore wat tot die Rebellie gelei het, in ag te neem, het hy die aksies van die rebelle verdoem en die regering se saak geregverdig. Dit het sy status as geskiedkundige en sy aansien by die meeste Afrikaners skade berokken.[29] Volgens F.A. van Jaarsveld het die verslag van Fouché 'n uitgeworpene onder talle Afrikaners op die kampus gemaak.[30]

In vergelyking met sommige van sy opvolgers, was Fouché nie 'n besonder produktiewe historikus nie. Werke waarvan hy die redakteur was, was onder meer *The Diary of Adam Tas 1705-1706, with an Enquiry into the Complaints of the Colonists against the Governor* (1914), *Mapungubwe. Ancient Bantu Civilization on the Limpopo* (1937) en *South-East Africa, 1488-1530* (1937). Ten spyte van sy relatiewe klein hoeveelheid publikasies, was sy werk oor Mapungubwe 'n belangrike mylpaal in die bestudering van die prekoloniale era van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Tot in daardie stadium is hierdie veld grootliks deur historici geïgnoreer. Mapungubwe sou eers onlangs sy regmatige plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis herwin.[31]

Die leerplanne wat tydens Fouché se departementshoofskap gevolg is, is deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop (later die Universiteit van Suid-Afrika) vir eksamendoeleindes voorgeskryf. Weens die politieke bestel van die tyd, het Brittanje en die Britse Ryk die sentrale tema van die leerplanne gevorm. Van 1910 tot 1922 is daar in die "Intermediate Class" algemene Europese geskiedenis (800-1517) gedoseer. Vir die BA finale jaar is daar meer in diepte op algemene Europese geskiedenis, veral die politieke en konstitusionele geskiedenis van Engeland in die sewentiende eeu en die konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika tot 1881 gekonsentreer.[32] In teenstelling met wat die groep wat vir sy aanstelling geveg het, gehoop het, is groter klem op algemene geskiedenis as op Suid-Afrikaanse geskiedenis gelê. Van 1922 tot 1935 is daar in die eerste jaar op Europese geskiedenis van die sewentiende eeu tot die Franse Rewolusie gefokus. Tweedejaar Geskiedenisstudente het Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 1806 en Engelse konstitusionele geskiedenis (1603-1702) bestudeer. In die derde jaar is weer aandag aan Suid-Afrikaanse geskiedenis in die vorm van die Britse koloniale beleid in Suid-Afrika in die negentiende eeu, die Middeleeue en die Franse Rewolusie gewy.[33]

Tydens Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria in 1932, het Fouché hom teen die voorstanders van dié beleidsverandering geskaar.[34] 'n Jaar later is die meeste van die Departement Geskiedenis se lesings steeds in Engels aangebied. 'n Beweging

---

29 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), p 112; C J Beyers, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* V (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987), p 291

30 F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), pp 45-46

31 SAPA, "World Heritage Site Unveiled in Limpopo", *Pretoria News*, 24 September 2004: http://www iol co za/index php?set_id=1&click_id=13&art_id=qw1096019640149B251 Access: 18 October 2004; L Marshall and SAPA, "'Place of the Stone of Wisdom' Regains Glory", *The Star*, 27 September 2004: http://www thestar co za/index php?fSectionId=129&fArticleId=2239649 Access: 8 October 2004

32 Transvaal University College, *Calendar 1910* (Johannesburg, 1909), pp 41-45; Transvaal University College, Calendar *1921* (Pretoria, 1920), pp 84-85; F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), p 65

33 Transvaalse Universiteits Kollege, *Kalender 1922* (Pretoria, 1922), p 88; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1935* (Pretoria, 1935), p 140

34 F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), p 46

het gevolglik in die Senaat ontstaan om in die bedrywighede van die Departement in te gryp. Van die begin van 1934 af is professore M. Bokhorst en S.P. Engelbrecht as tydelike maatreël in die Departement aangestel. Dit was hulle taak om in Afrikaans meer aandag aan die onderrig van die Geskiedenis van die "Trekker State" of "vaderlandse geskiedenis" te gee.[35] Die Departement se sake is in 1934 ook na die Roos-kommissie van ondersoek verwys. Die Roos-kommissie is in 1934 deur die Universiteitsraad aangestel om na personeeltoekenning, organisasie en roosters van personeel ondersoek in te stel en aanbevelings daaroor te maak. So 'n ondersoek is deur die depressietoestande van die vroeë 1930's genoodsaak, toe die Universiteit in 'n haglike finansiële toestand verkeer het.[36] Fouché het, weens die nasionalistiese kultuur van onverdraagsaamheid wat by die Universiteit posgevat het, in die eerste semester van 1934 bedank.[37] Op voorspraak van generaal Smuts, het hy 'n betrekking as hoogleraar aan die Universiteit van die Witwatersrand aanvaar.[38]

Die vertrek van Fouché het die einde van 'n era in die geskiedenis van die Departement aangedui. Vir meer as vyftig jaar daarna sou die Departement, soos die res van UP, suiwer Afrikaans wees.

## In die hoofstroom en daaruit, 1934-1972: I.D. Bosman, A.N. Pelzer en F.J. du T. Spies

Soos met ander instansies die geval was, het die Groot Depressie en die Tweede Wêreldoorlog hulle tol tussen 1930 en 1945 van die Universiteit van Pretoria geëis. Tydens dié jare het die Universiteit sporadies in 'n benarde finansiële posisie verkeer en het die studentegetalle ooreenkomstig afgeneem. Tussen 1934 en 1939, toe die oorlog uitgebreek het, het die finansies van die Universiteit ietwat beter daaruit gesien en was daar wel 'n toename in die studentetal. Van 1940 tot 1942 het studentegetalle opnuut gedaal. In 1943 het die getalle begin styg en in die na-oorlogse jare het dit geweldig toegeneem. Dit is deur uitbreidings van die kampus en geriewe van die Universiteit gevolg.[39]

In 1934 het die samesmelting van die Nasionale Party van generaal Hertzog en die Suid-Afrikaanse Party van generaal Smuts plaasgevind. Teenoor hierdie Verenigde Party het die "Gesuiwerde" Nasionale Party van doktor D.F. Malan gestaan.[40] Die dissipline Geskiedenis is in hierdie tyd van groei in Afrikanernasionalisme as 'n sleutelvak aan die Universiteit beskou. Die rede hiervoor is dat politici en kultuurleiers uit Afrikanergeledere geskiedenis as 'n wapen teen hulle teenstanders gesien het. Hulle het dit as bindend en volksbouend beskou.[41] Vandaar die "kaping", as 't ware, van dié Departement vir Afrikanergeskiedskrywing in die dertigerjare.

---

35 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1933-1934, p 1-3: Notule van Senaatsvergadering, 8 November 1933; UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1933-1934, p 1009: Notule van Komitee insake reorganisasie van die Departemente van Geskiedenis en die Wysbegeerte van Godsdiens, 27 Oktober 1933

36 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), pp 112-113

37 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1933-1934, p 1031: Notule van Senaatsvergadering, 28 Februarie 1934

38 B K Murray, *Wits the Early Years* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1982), pp 269-270; C J Beyers, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* V (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987), p 291

39 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), pp 74, 84

40 D Oakes (ed), *Reader's Digest Illustrated History of South Africa. The Real Story* (Reader's Digest Association, Cape Town, 1988), p 334

41 F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), pp 48-49

Aan die begin van 1935 is doktor Izak Daniel Bosman, 'n skoolhoof van Bothaville, as departmentshoof van Geskiedenis aangestel.[42] In hulle artikel noem N. Southey en F.A. Mouton vir Bosman 'n Afrikanernasionalis wat dit as sy taak gesien het om die Departement in diens van die Afrikanersaak te stel.[43] Professor Bosman het in 1931 aan die Gemeentelike Universiteit in Amsterdam met 'n proefskrif getiteld *Dr George McCall Theal as die Geskiedskrywer van Suid-Afrika* gepromoveer. Die proefskrif is in dieselfde jaar gepubliseer.[44]

Bosman was 'n invloedryke en gewilde figuur in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Hy het in 1938 Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde geword.[45] In 1945 is hy as Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte[46] aangewys en in 1946 ook as President van die Konvokasie van die Universiteit van Pretoria. Op sy vakgebied was Bosman medewerker aan verskeie publikasies en het hy deelgeneem aan vele kultuurbedrywighede wat sy beeld as 'n eksponent van die hoofstroom van Afrikanernasionalisme beaam.[47] In 1936 byvoorbeeld, het die Senaat by monde van Bosman vertoë gerig dat die Voortrekkermonument by Pretoria opgerig moes word.[48] 'n Groot deel van die dosente en personeel van die Universiteit het in 1938 ook baie geesdriftig aan die Ossewatrek en ander feesvieringe deelgeneem. Daar was selfs 'n voorstel dat die naam van die Universiteit na "Voortrekkeruniversiteit" moes verander word. Hierdie voorstel is reeds so vroeg as 1929 gemaak, maar is nooit amptelik aanvaar nie.[49] Tydens die Voortrekkereeufees in 1938, het die Universiteit verder die *Voortrekker-gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* uitgegee. Hierdie werk het onder die redaksie van Bosman gestaan.

Universiteitswording in 1930 het die Universiteit van die Universiteit van Suid-Afrika se voorgeskrewe leerplanne losgemaak. Onder Bosman is daar begin om oorsigkursusse in vaderlandse en algemene geskiedenis aan te bied. Hieronder tel onder meer onderwerpe soos die Portugese ontdekkingsreise en die staatkundige ontwikkeling van Engeland in die sewentiende eeu. Dit was bedoel om as agtergrond vir die bestudering van Suid-Afrikaanse geskiedenis te dien. Tydens die tweede en derde jaar, is daar in diepte op Suid-Afrikaanse en algemene temas uit die sewentiende tot negentiende eeue gewerk. In die bestudering van hierdie temas was daar geen eenheidslyne nie en temas is skynbaar lukraak gekies. Alhoewel daar groter klem op Suid-Afrikaanse, as op algemene geskiedenis gelê is, is geen aandag aan eietydse geskiedenis gegee nie. Vir die eksamengedeelte van die MA-graad, het historiografie en metodeleer naas Suid-Afrikaanse en algemene geskiedenis onder die

42 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1934-1936, p 1072: Notule van Senaatsvergadering, 30 Mei 1934; D W Kruger (red), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III (Tafelberg, Kaapstad, 1977), p 89

43 N Southey and F A Mouton, "A Volksvreemde Historian", *South African Historical Journal*, 44, 2001, p 81

44 D W Kruger (red), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III (Tafelberg, Kaapstad, 1977), p 89

45 UPA: C-8-1-1 Fakulteit Opvoedkunde Notules: Notule van Fakulteitsraadsvergadering, 3 Maart 1938

46 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1945-1946, p 299: Notule van Senaatsvergadering, 19 September 1945

47 Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), p 113; D W Kruger (red), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III (Tafelberg, Kaapstad, 1977), p 89

48 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1934-1936, p 1019: Notule van Senaatsvergadering, 7 Oktober 1936

49 UPA: B-5-4-1 Uitvoerende Komitee van die Senaat 1927-1930, p 372: Notule van vergadering van Komitee om Naam van Universiteit te oorweeg, 29 Oktober 1929: Universiteit van Pretoria, *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960), pp 87, 261

loep gekom. In 1940 is die term "Suid-Afrikaanse geskiedenis" na "vaderlandse geskiedenis" verander – 'n duidelike weerspieëling van die gees van die Departement in daardie tyd. Bosman se nasionalistiese benadering tot Geskiedenis, het die vak se gewildheid onder studente laat toeneem.[50]

Die gebruik van oorsigkursusse in die eerste studiejaar bestaan vandag nog in die Departement en is veral daarop gemik om as oriëntering vir studente uit ander vakke te dien. Nagraadse studentegetalle, wat voor 1935 skraal was, het danksy Bosman se klem op historiografie en metodeleer van 1935 af 'n stewige groei getoon. Volgens F.A. van Jaarsveld het die tradisie van historiese navorsing aan UP in die jare van Bosman ontstaan.[51] Laasgenoemde het die pos van departementshoof tot sy dood in Maart 1947 beklee.[52]

In Junie 1947 het doktor Adriaan Nicolaas Pelzer, wat sedert 1942 aan die Departement verbonde was, as departementshoof oorgeneem.[53] Pelzer het sy doktorale eksamen in 1939 in Amsterdam afgelê met as hoofvak Geskiedenis van die Onderwys en Algemene Pedagogie. Hy het sy doktorsgraad in Opvoedkunde in 1941 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Alhoewel hy in die Opvoedkunde gepromoveer het, het hy na sy aanstelling by die Universiteit heeltemal in die vak Geskiedenis opgegaan. Sy grootste bydrae tot die geskiedskrywing was sy werk, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek deel I, Wordingsjare*. In hierdie werk, wat in 1950 verskyn het, het Pelzer 'n nuwe benadering tot die Geskiedenis, spesifiek die sosiologies-historiese geskiedenis van Transvaal, gevolg. Dit was 'n monumentale werk waarvan die tweede deel, weens toemenende administratiewe druk danksy sy aanstelling as Dekaan van Lettere en Wysbegeerte in 1954 en as Registrateur (Akademies) in 1970, nooit verskyn het nie.[54]

Pelzer was op vakkundige gebied baie aktief. Hy was lid van die Argiefkommissie en ook lid van die redaksiekomitee van die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Verder was hy in 1956 medestigter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en tot 1970 redakteur van die blad *Historia*. Van die ander liggame waarop Pelzer gedien het, was die Historiese Monumentekommissie (tans die South African Heritage Resource Agency), die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings en die Komitee vir die Restourasie van Slagvelde.[55] Dat dit slegs 'n handvol van die kultuurliggame is waarop hy gedien het, reflekteer sy liefde vir die Afrikanersaak.

Die Afrikanergeskiedenis het regdeur Pelzer se lewe vir hom 'n baie spesiale plek beklee. Erkenning vir sy bydraes het nie uitgebly nie en so het hy vele erepennings en ander toekennings van verskeie organisasies ontvang. In 1954 het die Burgemeester

---

50 Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1946*, pp 169-170; F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), pp 50, 63, 66; F A Mouton, "Professor Leo Fouché", *Historia*, 38, 1, May 1993, p 62

51 F A van Jaarsveld, *Afrikaner Geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), pp 50-51

52 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1947-1948, pp 54, 61: Notule van Senaatsvergadering, 19 Maart 1947

53 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1947-1948, p 61: Notule van Senaatsvergadering, 19 Maart 1947

54 F J du T Spies en D H Heydenrych, *Ad Destinatum II, 1960-1982. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria* (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1987), pp 18, 48; F J du T Spies, "A N Pelzer, 1915-1981", *Historia*, 30, 1, Mei 1985, pp 63-64; A Grundlingh, "Sosiale Geskiedenis en die Dilemma in Afrikanergeskiedskrywing", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 19, 1987, p 38

55 F J du T Spies, "A N Pelzer, 1915-1981", *Historia*, 30, 1, Mei 1985, pp 64-65

van Pretoria byvoorbeeld 'n goue gedenkpenning aan Pelzer oorhandig vir sy aandeel in die verskuiwing van die Krugerstandbeeld.[56] Die Universiteit van Pretoria het in 1980, met die vyftigjarige herdenking van universiteitswording, 'n ere-doktorsgraad in Geskiedenis aan hom toegeken. Dit was uit erkentlikheid vir sy bydrae tot die Afrikanersaak.[57]

Onder die werke wat uit Pelzer se pen gevloei het, was *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (dit het in 1960 verskyn en Pelzer was een van die persone wat die geskiedskrywing behartig het), *Tukkiesport 1930-1980* (1982), *Jan van Riebeeck, 1618-1677* (1944), *Die Portugese Baanbrekers* (1944), *Verwoerd aan die woord, Toesprake 1948-1966* (1966) en *Die Afrikaner-Broederbond, eerste 50 jaar* (1979).

Onder Pelzer se departementshoofskap is die eerste studiejaar se oorsigkursusse in Geskiedenis tussen 1947 en 1970 meer samehangend aangebied. Tydens die eerste jaar het "vaderlandse geskiedenis" en onderwerpe uit die konstitusionele ontwikkeling van Suid-Afrika aandag geniet – in teenstelling met die Fouchétydperk. Anders as die geval met Pelzer se voorgangers, is daar verder 'n oorsig oor die "inboorlingstamme" van Afrika en dié van Suid-Afrika, asook algemene Europese geskiedenis gegee. In die tweede en derde jaar is onderwerpe uit die "vaderlandse geskiedenis" (soos die Groot Trek, die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie) en algemene Europese geskiedenis van die agtiende en negentiende eeue bestudeer. Vir die eksamengedeelte van die MA-graad (in 1956 na die Honneursgraad verander) is daar na historiografie in die agtiende en negentiende eeue en die historiese metode, asook moderne algemene geskiedenis gekyk. Van 1960 af is daar, vanweë 'n behoefte aan kennis na die emansipasie van Afrika, groter klem op die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika en Afrika gelê.[58]

Met sy aanstelling as Registrateur,[59] is Pelzer as hoof van die Departement Geskiedenis in 1970 deur professor Francois Jacobus du Toit Spies[60] opgevolg. Spies het sy doktorsgraad in 1941 in Leiden onder professor Johan Huizinga in Geskiedenis behaal. Na sy terugkeer uit Nederland na die Tweede Wêreldoorlog is hy in Augustus 1946 aan die Departement Geskiedenis van UP aangestel.[61] Soos sy voorganger, het Spies hom veral op die Afrikanergeskiedenis toegelê. Hier geld veral die Vrystaatse geskiedenis en die geskiedenis van die Voortrekkers in Natal.[62] In teenstelling met sy voorganger, het Spies, alhoewel hy die Afrikaanse taal en kultuur liefgehad het, nie in diens van Afrikanernasionalisme gestaan nie. Volgens Mouton het sy lewe in Nederland, onder die onderdrukkende Nazibewind tydens die

---

56 F J du T Spies, "A N Pelzer, 1915-1981", *Historia*, 30, 1, Mei 1985, p 65

57 UPA: B-4-1-2 Raad Notules 1979, p 1354: Notule van Raadsvergadering, 26 November 1979, Bylae II; UPA: B-4-1-2 Raad Notules 1980, p 319: Notule van Raadsvergadering, 21 April 1980, Bylae I

58 Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1950* (Pretoria, 1949), pp 210-211; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1960* (Pretoria, 1960), pp 162-163; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1969-1970* (Pretoria, 1969), pp 63-64

59 UPA: B-4-1-2 Raad Notules 1970, p 650: Notule van Raadsvergadering, 18 Junie 1970

60 UPA: C-1-1-1 Fakulteit Lettere en Wysbegeerte Notules 1970, p 679: Notule van Fakulteitsraadsvergadering, 22 Julie 1970

61 UPA: B-4-1-2 Raad Notules 1946, p 662: Notule van Raadsvergadering, 27 Junie 1946

62 F J du T Spies en D H Heydenrych, *Ad Destinatum II, 1960-1982. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria* (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1987), pp 48-49

Tweede Wêreldoorlog, Spies die gevare van oordrewe nasionalisme en die fascistiese bewegings, ook in Suid-Afrika, laat besef.[63]

Sy bydrae tot die bestudering van Geskiedenis lê ook in historiografie en bronnepublikasies. Spies was lid van verskeie vakverenigings en kultuurorganisasies. Hieronder is die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, die Genootskap Nederland Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, asook die Stigting Simon van der Stel, om net 'n paar te noem. Hy was ook redakteur van *Pretoriana* en 'n redaksielid en later hoofredakteur van *Historia*.[64]

Alhoewel Spies op temas in die Afrikanergeskiedenis gekonsentreer het, het hy, anders as vele van sy tydgenote, die veranderinge wat na die Tweede Wêreldoorlog in Westerse geskiedskrywing ingetree het, nie misgekyk nie. Waar tradisionele Afrikanergeskiedskrywing toenemend in isolasie verkeer het, het Spies bepleit dat Suid-Afrika se geskiedenis uit 'n wyer konteks beskou moes word. Hy het die waarde van 'n interdissiplinêre benadering in geskiedskrywing benadruk. Hoewel hy nie self werke in dié verband gelewer het nie, het hy nietemin rigting aan die toekomstige geskiedskrywers gegee.[65] Volgens F.A. van Jaarsveld lê Spies se grootste bydrae juis daarin dat hy een van die eerste Afrikanerhistorici was wat vir vernuwing in Afrikanergeskiedskrywing gepleit het. Hy was by uitstek die persoon wat Afrikanerhistorici bewus van hulle tekortkominge gemaak het.[66]

Werke wat uit sy pen gevloei het of waarvan hy een van die redakteurs of samestellers was, was onder meer *Ad Destinatum II, 1960-1982. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria* (1987), *Pretoria 1855-1955* (1955), *'n Nederlander in Diens van die Oranje-Vrystaat Uit die Nagelate Papiere van dr Hendrik PN Mull* (1946), *Soek in die Verlede* (1960), en *Angola Operasie Savannah, 1975-1976* (1989). Spies was ook redakteur van bronnepublikasies waaronder advokaat H.A.L. Hamelberg se dagboek, die briewe van doktor H.P.N. Muller, dié van G.A.A. Middelberg en ook die Hertzogtoesprake.[67] Volgens F.A. Mouton kom Spies se nugtere benadering tot geskiedskrywing in sy werke na vore en kan daar gesien word dat hy dit nie as propagandamiddel gebruik het nie.[68]

In die slegs twee jaar wat Spies departementshoof was, het hy subtiele veranderinge in die leerplanne van die vak aangebring.[69] Hy het daarin geslaag om die Departement weg van "volks- of vaderlandse geskiedenis" te stuur sonder om kritiek uit te lok.

---

63 F A Mouton, "F J du Toit Spies, Afrikaner Nationalism and Volksgeskiedenis at the University of Pretoria " Unpublished paper delivered at Unisa Conference, August 2003, Unisa, pp 9-10, 12

64 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1972, p 968: Notule van Senaatsvergadering, 1 November 1972; F J du T Spies en D H Heydenrych, *Ad Destinatum II, 1960-1982. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria* (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1987), pp 48-49

65 F J du T Spies, "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede", *Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks* 63, (Pretoria, 1971), pp 6-9; J S Bergh, "Uitdagings vir die Afrikaanse historikus", *Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks* 238, (Pretoria, 1987), pp 5-6

66 F A van Jaarsveld, *Afrikaner geskiedskrywing* (Lex Patria, Johannesburg, 1992), pp 85-86

67 F Pretorius, "F J du Toit Spies: Beskeie en Bekwame Vakman", *Historia*, 43, 1, Mei 1993, p 3

68 F A Mouton, "F J du Toit Spies, Afrikaner Nationalism and Volksgeskiedenis at the University of Pretoria " Unpublished paper delivered at Unisa Conference, August 2003, Unisa, pp 22-25

69 Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1969-1970* (Pretoria, 1968), pp 63-64; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1971-1972* (Pretoria, 1970), pp 64-64

Hierdie proses is deur sy opvolgers voortgesit.[70] Aan die einde van 1972, het Spies aftreeouderdom bereik en uit UP se diens getree. Na sy aftrede het hy die pos van kulturele attaché by die Suid-Afrikaanse Ambassade in België aanvaar.[71] Hy is in 1973 as Geskiedenisdepartementshoof deur professor F.A. van Jaarsveld opgevolg.[72]

### Geteer-en-veer, 1973-1985: F.A. van Jaarsveld

Professor Floris Albertus van Jaarsveld het, soos sy voorgangers, sy finale skoling in Nederland gekry. Hier het hy in 1950 sy doktorsgraad in Groningen onder leiding van professor P.J. van Winter verwerf.[73] Volgens historici J.S. Bergh en J. de Bruyn was Van Jaarsveld die Afrikaanse historikus wat in die laat-sewentiger en tagtigerjare van die twintigste eeu die meeste vir vernuwing in Afrikaanse geskiedskrywing gedoen het. Hy het toe klem op die benutting van kennis van aanverwante dissiplines en interdissiplinêre samewerking begin plaas. Van Jaarsveld het hom, veral in sy vroeë werke, weerhou om die Afrikaner se optrede te regverdig en eerder gepoog om die Afrikaner en sy geskiedenis in breër verband te plaas.[74]

In ’n poging om groter aanvaarding by die Afrikanersamelewing te vind, het Van Jaarsveld hom in die sestigerjare toenemend in diens van die Afrikanerideaal gestel. Hy het uiteindelik die voorste en invloedrykste Afrikanerhistorikus van die tyd geword. Eers in 1976, na aanleiding van die Soweto-onluste, het Van Jaarsveld sy siening oor Suid-Afrikaanse geskiedenis en die rol van die Afrikanerhistorikus drasties verander. Hy het toe begin pleit dat geskiedskrywing in Suid-Afrika billik teenoor alle bevolkingsgroepe moes wees.[75]

Van Jaarsveld se vernuwende en meer uitgesproke, kritiese en inklusiewe aanbieding van die Afrikanergeskiedenis, het hom in onguns by meer behoudende Afrikaners laat kom. Een van die gevolge hiervan was dat hy in Maart 1979, tydens ’n simposium by die Universiteit van Suid-Afrika deur ’n groep van tussen dertig en veertig mans geteer-en-veer is. Die groep het hulle as lede van die Afrikaner-Weerstandsbeweging geïdentifiseer en het onder leiding van ’n jong Eugène Terre’Blanche gestaan.[76] Die teer-en-veerdery was die gevolg van Van Jaarsveld se pleidooi dat daar met ’n nuwe gesindheid na die viering van Geloftedag gekyk moes word. Volgens hom kon dit swart Suid-Afrikaners aanstoot gee – Geloftedag was ’n soort mensgemaakte ekstra

70 F A Mouton, “F J du Toit Spies, Afrikaner Nationalism and Volksgeskiedenis at the University of Pretoria ” Unpublished paper delivered at Unisa Conference, August 2003, Unisa, pp 18, 22-23

71 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1972, p 968: Notule van Senaatsvergadering, 1 November 1972

72 UPA: C-1-1-1 Fakulteit Lettere en Wysbegeerte Notules 1973, p 101: Notule van Fakulteitsraadsvergadering, 28 Februarie 1973

73 J W N Tempelhoff, “Idee, Narratief en Diskoers: Die Vroeë Intellektuele Vorming van F A van Jaarsveld 1922-1992”, *Historia*, 40, 1, Mei 1995, p 49; In F J du T Spies en D H Heydenrych, *Ad Destinatum II, 1960-1982. ’n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria* (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1987), p 49, word die datum verkeerdelik as 1955 aangegee

74 J S Bergh, “Uitdagings vir die Afrikaanse Historikus”, *Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks* 238, (Pretoria, 1987), pp 7-8; J de Bruyn, “F A van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en Vernuwer”, *Historia,* 27, 1, Mei 1982, pp 55-60, 64

75 J S Bergh, “Uitdagings vir die Afrikaanse historikus”, *Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks* 238, (Pretoria, 1987), pp 7-8; J de Bruyn, “F A van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en Vernuwer”, *Historia,* 27, 1, Mei 1982, pp 55-60, 64; G Allen, “The Case of the Volkscustodian and the Professor”, *Historia,* 47, 2, November 2002, pp 406, 409; A Grundlingh, “Sosiale Geskiedenis en die Dilemma in Afrikanergeskiedskrywing”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,* 19, 1987, p 41

76 UPA: E-7-2 Knipsels, Februarie-Maart 1979, “Prof kry Teer en Vere op Verhoog”, *Oggendblad,* (29 Maart 1979); J de Bruyn, “F A van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en Vernuwer”, *Historia,* 27, 1, Mei 1982, p 55

Sondag wat op die res van die bevolking afgedwing is en wat op 'n verkeerde opvatting van die Gelofte berus het. Die teer-en-veer voorval het Van Jaarsveld nie van stryk gebring nie en hy het sy siening oor Geloftedag later by die simposium herhaal.[77]

Op vakkundige gebied was Van Jaarsveld baie aktief en het hy aan die bedrywighede van verskeie liggame deelgeneem. Hy was byvoorbeeld lid van die Argiefkommissie, lid van die Transvaalse Onderwysdepartement se leergangkomitee vir hersiening van leerplanne en voorsitter van die Kommissie van Toesig oor Staatshistorici. Verder was hy voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en hoofredakteur van *Historia*.[78] Uit sy pen het 'n magdom werke verskyn, hoofsaaklik oor Afrikaner- en Transvaalse geskiedenis, soos uit die onderstaande lys sal blyk. Verder het hy hom op historiografiese werke en geesteswetenskaplike en kultuurhistoriese temas toegelê.[79] Van Jaarsveld het ook 'n groot bydrae tot die bestudering van Geskiedenis op skoolvlak gelewer.[80] Hy was een van die mees produktiewe skrywers van *Nuwe Geïllustreerde Geskiedenis* wat verskeie jare lank as handboek vir Geskiedenis vir Standerd 9 en Standerd 10 gebruik is. In hierdie handboek, soos in vele van sy ander werke, is geskiedenis uit die Afrikaner se oogpunt benader – iets waaroor hy in sy latere lewe sy spyt uitgespreek het.[81]

Van Jaarsveld was skrywer, medeskrywer of redakteur van vele werke – werke wat sy veranderende benadering tot geskiedskrywing duidelik aantoon. Hieronder tel sy gepubliseerde proefskrif *Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners Deel I, Pioniers-hartstogte (1836-1864)* (1951), asook *Die Afrikaner en sy Geskiedenis* (1956), *Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn* (1957), *Afrikaner, Quo Vadis* (1971), *Die Evolusie van Apartheid en ander Geskiedkundige Opstelle* (1979), *Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884* (1980), *Paul Kruger, Simbool van 'n volk* (1982), *Van Van Riebeeck tot PW Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika* (1982), *Die Afrikaner se Groot Trek na die Stede. En Ander Opstelle* (1982), *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede. Geskiedenisideologie en die Historiese Vraagstuk* (1984), *Afrikanergeskiedeskrywing. Verlede, Hede en Toekoms* (1992).[82]

Tydens sy dienstydperk aan die Universiteit van Pretoria het Van Jaarsveld, deur eietydse geskiedenis en sosiaal-ekonomiese temas in te voer, gepoog om die leerplanne vir Geskiedenis te moderniseer. Op sy reise na Europa, Kanada en die Verenigde State van Amerika (VSA) het hy moderne metodes en historiografie

---

77 A Stoffberg, "Prof Floors sien vir SA 'n Derde Republiek", *Beeld*, (16 Oktober 1985), p 13; UPA: E-7-2 Knipsels, Februarie-Maart 1979, "Heilige Beeste Gaffel", *Rapport*, (25 Maart 1979); "Prof kry Teer en Vere op Verhoog", *Oggendblad*, (29 Maart 1979); G Allen, "The Case of the Volkscustodian and the Professor", *Historia*, 47, 2, November 2002, pp 413, 415-416

78 UPA: B-5-1-1 Senaat Notule 1985, pp 983-984: Notule van Senaatsvergadering, 30 Oktober 1985

79 F J du T Spies en D H Heydenrych, *Ad Destinatum II, 1960-1982. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria* (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1987), p 49

80 P H Kapp, "Die Opvoedingsbeeld", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36, 2, 1996, pp 133-134

81 UPA: C-1-3-9 Departement Geskiedenis: F A van Jaarsveld, Kort Lewensloop F A van Jaarsveld (ongepubliseerde herinneringskrif van F A van Jaarsveld), p 3; A Grundlingh, "Sosiale Geskiedenis en die Dilemma in Afrikanergeskiedskrywing", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 19, 1987, p 41; M Isaacson, "Varsity 'Traitor' wants to Turn Back the Clock", *Sunday Star*, (27 October 1991), n p

82 'n Deeglike evaluering van Van Jaarsveld se bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie word deur J W N Tempelhoff in "Beeld en Teorie Sosiale Ruimte en die Filosofies-teoretiese Diskoerse van F A van Jaarsveld", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36, 1, Maart 1996 gebied

bestudeer en dan weer in sy eie departement teruggeploeg.[83] Onder sy leiding was die Departement teen 1975 die eerste en die enigste in die land, waar Afrikageskiedenis deel van die leergange van die eerste tot die derde studiejaar uitgemaak het.[84]

Van Jaarsveld het sy studente aangeraai om inleidende kursusse van ander vakgebiede, soos Wysbegeerte, Volkekunde, Sosiologie en Argeologie te volg. Nadat die semesterstelsel in 1983 ingevoer is, is in die eerste jaar op Westerse geskiedenis (1400-1848) en Suid-Afrikaanse geskiedenis (1652-1854) gekonsentreer. In die tweede jaar is Suid-Afrikaanse geskiedenis van 1854 tot 1910 en onderwerpe uit die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek bestudeer; terwyl ook aandag aan onderwerpe uit die Westerse geskiedenis van 1848 tot 1939 gegee is. Die derde jaar is aan onderwerpe uit die moderne Suid-Afrikaanse en moderne Westerse geskiedenis gewy. In die honneurskursus het historiografie, metodeleer, Suid-Afrikaanse (waaronder swart verset), Afrika- en algemene geskiedenis aandag gekry.[85]

Aan die einde van 1985 het Van Jaarsveld afgetree.[86] In 1986 is hy deur professor Johannes Stephanus Bergh van Stellenbosch opgevolg.[87] Voor sy aftrede reeds het dit duidelik geword dat ’n tydperk van verandering vir die Universiteit aangebreek het.

### ’n Era van vernuwing, 1986 – : J.S. Bergh

Die veranderende politieke omstandighede in Suid-Afrika het ’n groot invloed op die universiteite in Suid-Afrika in die tagtigerjare van die twintigste eeu uitgeoefen. Die Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Opvoeding (SANSO) verslae van 1982 het verreikende gevolge vir die universiteitswese in Suid-Afrika ingehou. Die verslae het universiteite genoop om meer krities na hulle kwalifikasies en die instelling van nuwe grade of diplomas te kyk.[88] ’n Nuwe formule vir universiteitsfinansiering is ook ingevoer. Waar universiteite voorheen gesubsidieer is op grond van die getal ingeskrewe studente (en dus meer subsidie kon verdien indien meer studente ingeskryf is), is die subsidie voortaan aan die aantal vakinskrywings en geslaagde graadkrediete gekoppel[89] – strenger toelatingsvereistes het hieruit gevolg.[90]

Nog ’n gevolg van die swakker finansiële posisie waarin universiteite in die tagtigerjare verkeer het, was die rasionalisasiebeleid wat die laat-tagtigerjare gekenmerk het. Hierdie beleid was daarop gemik om finansiële besparing mee te

---

83 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1985, pp 983-984: Notule van Senaatsvergadering, 30 Oktober 1985, F J du T Spies en D H Heydenrych, *Ad Destinatum II, 1960-1982. ’n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria* (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1987), p 49

84 *Tukkiewerf*, 1, 4, Julie 1975, p 6

85 Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1973* (Pretoria, 1973), pp 70-71; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1980* (Pretoria, 1980), pp 88-89; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1985* (Pretoria, 1985), p 104

86 UPA: B-5-1-1 Senaat Notules 1985, pp 983-984: Notule van Senaatsvergadering, 1985-10-30

87 UPA: C-1-1-1 Fakulteit Lettere en Wysbegeerte Notules 1986, p 37: Notule van Fakulteitsraadsvergadering, 12 Maart 1986

88 UPA: B-2-1-4 Komitee van Universiteitshoofde, pp 6-8: Notule van vergadering van die Komitee, 21 Januarie 1983 Sien ook: Bylaag 2 van die notule

89 UPA: B-2-1-4 Komitee van Universiteitshoofde, pp 6-8: Notule van vergadering van die Komitee, 21 Januarie 1983, Bylaag 12

90 J S Bergh, O J O Ferreira, F Pretorius, J E H Grobler en W A Stals (reds), *Ad Destinatum III, 1983-1992. ’n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria*, (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1996), pp 1-2

bring.[91] Ingevolge die interne rasionalisasiebeleid van die Universiteit van Pretoria, is verskeie departemente, waaronder Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, gekonsolideer. Daardeur is Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis en ook Museumkunde, wat in dieselfde studieveld lê, in 1988 binne een departement saamgevoeg.[92]

Die tagtigerjare is ook deur ’n verandering in die regering se beleid jeens ander kultuur- en rassegroepe in die land gekenmerk. Reeds in 1983 het die regering ’n kwotastelsel vir studente van ander bevolkingsgroepe aan universiteite ingestel.[93] Dié maatreël is met verloop van tyd in so ’n mate aangepas, dat die Universiteit van Pretoria homself in 1989 ’n “oop” inrigting kon noem.[94] Om aan ’n groterwordende groep studente, wat nie Afrikaans magtig was nie, se behoeftes te voldoen, is ’n meer buigsame taalbeleid aanvaar. In ’n terugkeer na die taalbeleid van die twintiger- en dertigerjare, is die opsie in die negentigerjare gestel om lesings in enkele departemente in Engels aan te bied. Die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis het reeds tussen 1988 en 1990 begin om studiehandleidings in Engels beskikbaar te stel. Klasse is tot ongeveer 1993 slegs in Afrikaans aangebied. Van 1993 tot 1996 het ’n oorgangsfase gevolg en is lesings soms in beide tale aangebied. Van 1996 af, is voorlesings afsonderlik in beide Afrikaans en Engels aangebied, wat tans nog die geval is.[95]

Die onderrigomgewing waarin Bergh in 1986 aangestel is, het dus heelwat van dié van sy voorgangers verskil. Bergh het in 1978 ’n D Phil-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Sy onderwerp was ’n studie oor rasseverhoudinge aan die Kaapse Oosgrens in die negentiende eeu. Op vakkundige gebied was Bergh sedert 1986 onder meer voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, president van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging en ook redakteur van *Historia* en die *Tydskrif vir Eietydse Geskiedenis*. Hy is ook ’n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en voorsitter van die Kommissie van Toesig oor Staatshistorici. In 2003 is hy as hoof van UP se Skool vir Sosiale Wetenskappe van die Fakulteit Geesteswetenskappe aangewys.[96]

Werke waarvan Bergh outeur was, of waarvan hy redakteur of mede-redakteur was, is onder meer *Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, 1866-1881* (1973), *Die Lewe van Charles Pacalt Brownlee tot 1857* (1977), *Stamme en Ryke* (1984), *The Eastern Cape Frontier Zone, 1660-1980 A Cartographic Guide for Historical Research* (c. 1985), *Uitdagings vir die Afrikaanse Historikus* (1987), *Herdenkingsjaar 1988 Portugese, Hugenote en Voortrekkers* (1988), *Ad Destinatum*

---

91 UPA: B-5-4-2 Akademiese Beplanningskomitee: Verslag: Akademiese Beplanningskomitee 1988, Bylaag: Verslag van die Hoofkomitee van die KUH-ondersoek: Makro-aspekte van die universiteitswese binne tersiêre onderwysverband in die RSA, pp 2-4

92 UPA: B-4-1-3 Universiteitsraad Jaarverslae: Jaarverslag 1988, p 2

93 UPA: B-4-1-2 Universiteitsraad Notules 1983, p 1045: Notule van Raadsvergadering, 21 November 1983; J S Bergh, O J O Ferreira, F Pretorius, J E H Grobler en W A Stals (reds), *Ad Destinatum III, 1983-1992. ’n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria*, (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1996), pp 30-32

94 UPA: B-4-4-1 Vaste Komitee van die Raad 1989, p 888: Notule 27 September 1989

95 Persoonlike mededeling: professor J S Bergh, 24 Maart 2004; Persoonlike mededeling: mevrou K Sevenhuysen, 24 Maart 2004; Persoonlike mededeling: mevrou B Strydom, 27 September 2004

96 UPA: C-1-3-9 Departement Geskiedenis: Curriculum Vitae: J S Bergh; J S Bergh, “Uitdagings vir die Afrikaanse historikus”, *Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks* 238, (Pretoria, 1987), g p

*III, 1983-1992. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria* (1996), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika Die vier Noordelike provinsies* (1999) en *"To make them serve..." The 1871 Transvaal Commission on African Labour* (2003). Uit hierdie werke en ook uit die vele artikels wat hy reeds gepubliseer het, kan Bergh se meer inklusiewe benadering tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis gesien word. Nie net die geskiedenis van 'wit' Suid-Afrika nie, maar ook dié van prekoloniale Suid-Afrika en rasseverhoudinge in Suid-Afrika is deel van sy studieveld.

Onder Bergh se leiding is belangrike veranderinge in kursussamestelling en kursusinhoud van die vak Geskiedenis aangebring. Deur studiereise na die buiteland en deur samewerkingsooreenkomste met buitelandse universiteite, het hy daarin geslaag om sy departement in pas met die nuutste tendense en strominge in die historiese en erfeniswetenskappe te hou. In 1988 is op eerstejaarsvlak na die jaarstelsel terugbeweeg, nadat daar in 1983 na 'n semesterstelsel oorgeskakel is. Van 1990 af is die eerstejaarskursusse in Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis opnuut as oorsigkursusse ingerig, waarin die vernaamste historiese kragte, gebeure en kultuurstrominge uitgewys en in perspektief geplaas word. Spesifieke temas en tydperke is op tweede- en derdejaarsvlak bestudeer.[97]

In die Afdeling Geskiedenis is daar sedert 1986 op voorgraadse vlak op die geskiedenis van Suid-Afrika en Afrika (prekoloniaal en postkoloniaal), Europa en die VSA gekonsentreer. In die derde jaar is daar ook aan "geskiedenis as wetenskap" aandag gegee. Op honeursvlak is historiografie en metodeleer naas 'n skripsie en temas uit die geskiedenis van Suid-Afrika, Afrika, 'n kultuurhistoriese tema en 'n tema uit die algemene geskiedenis bestudeer. In die bestudering van die geskiedenis van Suid-Afrika het die Departement onder Bergh toenemend 'n multiperspektiwistiese benadering tot geskiedenis gevolg. Daar is gepoog om te toon dat daar nie net een objektiewe waarheid bestaan nie. Reg is ook aan die aandeel van die ander groepe aan die land se geskiedenis laat geskied – 'n wesenlike wegbreek van die Afrikanersentriese kursusse wat tot die vroeë sewentigerjare aangebied is.[98]

In 1998 is 'n nuwe graadpakket in Erfenis– en Kultuurtoerisme ingestel. Dit is gedoen nadat 'n opvoedkundige leemte in die kultuur- en kultuurhistoriese fasette in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte geïdentifiseer is. Die pakket is verder 'n uitvloeisel van die uitkomsgebaseerde onderrigstelsel (van die Sentrale Departement van Onderwys) wat die Universiteit kort tevore weens 'n behoefte aan groter relevansie begin toepas het. Studentegetalle in voorgraadse kursusse in beide Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis het in die tagtiger- en negentigerjare 'n afname getoon.[99] Hierdie verskynsel was nie net uniek aan die Universiteit van Pretoria nie, maar is ook by die meeste van die ander universiteite en skole in die land ervaar. By

---

97 Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1990* (Pretoria, 1990), pp 85-86; Jaarverslag van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis vir 2000, p 1; Persoonlike mededeling: professor J S Bergh, 24 Maart 2004

98 Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1986* (Pretoria, 1985), pp 108-109; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1990*, (Pretoria, 1990), pp 85-86; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 2000* (Pretoria, 2000), pp 20-21; Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 2004* (Pretoria, 2004), pp 110-111; Persoonlike mededeling: professor J S Bergh, 24 Maart 2004

99 Persoonlike mededeling: professor J S Bergh, 24 Maart 2004; Jaarverslae van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, 1997 tot 2003; F van der Watt (red), *Ad Destinatum IV, 1993-2000. Historiese Ontwikkelinge en Gebeure aan die Universiteit van Pretoria* (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 2002), p 62

alle bevolkingsgroepe is daar 'n sterker klem op die neem van beroepsgerigte vakke. Geskiedenis, wat as 'n meer onsekere beroepsveld gesien word, het daaronder gely.[100] 'n Ligpunt hier, was dat nagraadse studentetalle in Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan UP 'n effense toename getoon het.[101]

Herkurrikulering het sedert 2000 op groot skaal in die Departement plaasgevind. Soos in die res van die Universiteit word deurlopende assesering sedertdien gedoen en is die leerplanne op kritiese uitkomste gerig – in lyn met die voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAKO). Saam met die res van die Universiteit, het die Departement in 2000 na 'n stelsel van modules, pakette en programme oorgeskakel.[102]

Navorsingsvelde waarop daar in die Departement onder Bergh gekonsentreer is, is onder meer die geskiedenis van tussengroepsverhoudinge in Suid-Afrika, politieke en militêre verset in Suid-Afrika, waaronder die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902, Suid-Afrika in internasionale konteks, Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis, sosiale en ekonomiese geskiedenis en Museumkunde.[103]

Ten spyte van die veranderinge van die laat-tagtigerjare is die Universiteit volgens Van der Watt tot en met die vroeë negentigerjare as 'n konserwatiewe, wit Afrikaanstalige instelling beskou. Die pas van verandering het sedertdien egter in so 'n mate toegeneem dat die instelling vandag daar totaal anders uitsien. Waar wit studente in 1990, 98,2 persent van UP se studentebevolking uitgemaak het, het die getal in 2000 tot 71,3 persent gedaal. Wat die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis betref, was daar selfs 'n groter verandering in die studentesamestelling. Teen 1996 was byna 40 persent van die Departement se voorgraadse studente swart. Vir Geskiedenis alleen was die persentasie swart studente 56 persent in 1997. Waarskynlik weens 'n gebrek aan voorgraadse studiebeurse vir Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, het die getal swart studente sedertdien 'n effense afname getoon.[104]

Die digitale revolusie het verdere veranderinge vir die Universiteit en sy departemente ingehou. Onderrigprogramme, ook enkeles in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, is toenemend gedigitaliseer om afstandsonderrig te fasiliteer. So byvoorbeeld is die keuse sedert 1999 gebied om Geskiedenis telematies te volg. Van 2002 af is voorgraadse modules in Geskiedenis vir webgebaseerde onderrig voorberei en aangebied.[105]

100 J Tempelhoff, "Dié Vak word Geskiedenis", *Beeld*, (24 September 2003), p 9

101 Vergelyk die jaarverslae van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, 1996 tot 2003

102 Universiteit van Pretoria, *Jaarboek 1990* (Pretoria, 1990), pp 85-86; Jaarverslag van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis vir 2000, p 1; Persoonlike mededeling: professor J S Bergh, 24 Maart 2004

103 Persoonlike mededeling: professor J S Bergh, 24 Maart 2004; Persoonlike mededeling: professor K L Harris, 21 Oktober 2004

104 F van der Watt (red), *Ad Destinatum IV, 1993-2000. Historiese Ontwikkelinge en Gebeure aan die Universiteit van Pretoria* (Universiteit van Pretoria, Pretoria, 2002), pp 8-9, 62

105 Vergelyk die jaarverslae van die Departement Historiese en Erfenisstudies, 2000 tot 2002

Om sy groter relevansie en om die veranderinge in die leerplanne en benadering te weerspieël, is die Departement se naam op 1 Januarie 2002 na die Departement Historiese en Erfenisstudies verander.[106]

### 'n Kringloop voltooi

Die geskiedenis van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria loop hand-aan-hand met dié van die Universiteit self. Eksterne invloede wat daarop ingewerk het, het meerendeels 'n direkte invloed op die Departement en sy ontwikkeling gehad. Aspekte soos Afrikanernasionalisme, ekonomiese toestande en regeringsbeleid het die Departement deur sy 96-jaar beïnvloed en gevorm. Sedert sy ontstaan bykans 'n eeu gelede, het die Departement Geskiedenis slegs ses departementshoofde gehad. Hierdie persone het, deur die toepassing van hulle sieninge en ideologieë, ewenwel die ontwikkeling van die Departement en tot 'n mate ook Suid-Afrikaanse geskiedskrywing beïnvloed.

Deur die studente wat hulle opgelei het en tans oplei, het die Departement en sy hoofde, soos hulle suidelike eweknieë, 'n verreikende vormende invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gehad. In die Departement se leerplanne kan gesien word hoe daar van eksklusiewe na inklusiewe geskiedenisonderrig en geskiedskrywing beweeg is. Wat die taalbeleid wat gevolg is betref, kan duidelik gesien word dat 'n kringloop van sy ontstaan tot die hede voltooi is – eers tweetalig, toe suiwer Afrikaans en tans weer tweetalig.

## Opsomming

Die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) se Departement Geskiedenis is in 1908 as een van die stigtersdepartemente van die Kollege op die been gebring. Onderrig aan die Kollege het in die vroeë jare in Engels plaasgevind – 'n posisie wat geleidelik verander het en op die Afrikaanswording van die universiteit in die dertigerjare uitgeloop het. Hierdie uitsluitlik Afrikaanse doseerbeleid het voortbestaan tot en met die vroeë negentigerjare van die twintigste eeu toe die Departement, in lyn met 'n hoofbestuursbesluit, 'n volkome tweetalige beleid op beide voor- en nagraadse vlak aangeneem het.

Hier word, met behulp van soveel eerstehandse argivale bronne as moontlik, gefokus op die ontstaansgeskiedenis van die Departement Geskiedenis aan die TUK en sy ontwikkeling as 'n mikrokosmiese weerspieëling van die ontwikkeling van die organisasie as 'n geheel. Om die ontwikkeling te illustreër, word daar gefokus op die opvolging van die departementshoofde en hulle onderskeie bydraes tot die doseer en uitbeelding van geskiedenis as dissipline. Verder word die kursusinhoude en wisselende studentegetalle ook aangeraak.

106 Persoonlike mededeling: mevrou K Sevenhuysen, 24 Maart 2004

## Abstract

### Department of History, University of Pretoria – The Afrikaans Voice from the North

The Transvaal University College's (TUC) Department of History was established in 1908 as one of the founding departments of the College. In its early years, lecturing at the College was done exclusively in English – a position that gradually changed and led to it becoming an Afrikaans institution in the 1930s. The Afrikaans-only policy of education existed until the early nineties of the twentieth century, when the History Department adopted a fully bilingual policy on both pre- and postgraduate levels, in line with a top management decision.

In this article the focus falls, by means of as many firsthand archival sources as possible, on the history of the establishment of the Department of History at the TUC, and its development as a microcosmic reflection of the development of the institution as a whole. To illustrate this development, the succession of the heads of the History Department will be examined, as well as their respective contributions to the lecturing and portrayal of History as a discipline. The contents of the courses and the varying numbers of students will also be discussed.



### Key words

University of Pretoria, Transvaal University College, History Department, Leo Fouché, I.D. Bosman, A.N. Pelzer, F.J. du T. Spies, F.A. van Jaarsveld, J.S. Bergh, curriculum.

### Sleutelwoorde

Universiteit van Pretoria, Transvaalse Universiteitskollege, Departement Geskiedenis, Leo Fouché, I.D. Bosman, A.N. Pelzer, F.J. du T. Spies, F.A. van Jaarsveld, J.S. Bergh, kurrikulum.